Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

WhatsApp: 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
Intydse erediensuitsendings op YouTube by: Oos-Doppers Potch

20 Februarie 2022

09:30 OGGENDEREDIENS: Ds Piet
Hebreërs Reeks nr 3

In die eerste preek het ons gehoor dat God met ons wil kommunikeer en dat Christus God se laaste en belangrikste boodskap aan jou is. In die tweede preek het ons gekyk wie hierdie ongelooflike Boodskapper van God is met ‘n agtvoudige beskrywing van Jesus se heerlikheid as Boodskapper.

Nou roep die Here ons dringend op om seker te maak dat ons, ons volle aandag gee aan die boodskap en die Boodskapper! Gee ag, let op! Moenie dat iets jou aandag aftrek nie! Daar is ‘n groot risiko aan verbonde indien jy jou aandag verslap! Jy kan bv. sommer so ongemerk stadig “wegdryf” soos ‘n boot sonder ‘n anker! As jy weer sien is jy ver weg van die Boodskapper en dan gaan die boodskap verlore met baie slegte langtermyn gevolge vir jou!

Tema: Hoe vas is jy aan Christus? Bind jouself styf vas aan Hom sodat jy nie wegdryf nie!

Lofsang met die oog op die erediens
Ps. 33-1: 1, 2, 6 en Lied 486: 1, 4

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Ps. 34-1: 2, 6 (Tweede mel); Votum; Seën; Sing Ps. 110-3: 1, 2, 3; Geloofsbelydenis: NGB Art 7

Ons verootmoedig ons voor God
Wet uit Rom. 13: 8 - 14; Sing Ps. 81-1: 1, 9, 10; Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Hebreërs 1: 4 - 2: 4;
Teksverse: Heb. 2: 1 -3a
Sing Ps. 119-2: 8, 14 (Kleuterbediening); Woordverkondiging.

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed; Liefdegawes vandag vir Diakonie (Groot boks) en by die deur vir die Teologiese studentekas (klein boks); Sing Sb. 15-7: 1, 4, 5; Seën, Amenlied: Sb 13-2.

AANDDIENS: Ds. Piet
Hebreërs Reeks nr 4

Tot vandag toe word mense nog altyd deur die engele gefassineer! Hierdie vreemde hemelwesens wat vandag nog op aarde werksaam is! Wie en wat is hulle en hoe werk

dit? Boekwinkels se rakke is vol boeke oor engele en watter rol hulle in jou lewe speel! Baie gelowiges heg ook te veel waarde aan die engele - asof hulle belangriker as God self is. So glo mense bv. dat engele belangriker boodskappe as die Bybel bring! Mense sal hulle eerder op hulle "beskermengel" beroep om hulle te beskerm as op God!

Dit was klaarblyklik ook die geval met die gelowiges aan wie Hebreërs geskrywe is. Engele het 'n groot rol in die Joodse teologie gespeel en waarskynlik het hierdie gelowiges as gevolg van hulle vervolging ook daarop begin terugval.

Dis waarom die skrywer in hf 1 baie moeite doen om hierdie verkeerde persepsie oor engele reg te stel en die fokus op Christus te plaas. Kom leer vanaand meer oor die engele en wat jou verhouding met hulle behoort te wees.

Tema: Christus is jou Koning en Hy gebruik engele om jou te dien.

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Ps. 89-1: 3, 6 ; Votum; Seën; Loflied Ps. 91-1: 1, 2, 6 (tweede mel); Gebed; Sing Ps. 103-1: 9, 10 en 11;

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Hebreers 1: 5 - 14
Teksverse: Hebreers 1: 13 en 14
Woordverkondiging;

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed; Liefdegawe: Diakonie (Groot boks) en by die deur vir die Teologiese studentekas (klein boks); Sing: Ps. 148-1: 1, 5; Seën; Amenlied: Sb 13-3.

MEELEWING

- Baba Lihanke Lazenby se operasie het baie goed afgeloop en sy sterk mooi aan.
- Dries Schutte (Wilgeboom) word nog steeds in Medikliniek se HSE behandel.
- Engela van der Walt se swaer is skielik oorlede terwyl hy en sy vrou in die Kaap op vakansie was.
- Riaan Rheeder is verlede Saterdag deur twee honde aangeval terwyl hy gaan draf het. Hy het ernstige bytwonde aan sy been en gesig opgedoen.
- Dit lyk asof die veloorplanting op die wond op Griet du Preez se been suksesvol was. Sy word tuis versorg.
- Pierre Volschenk herstel ook tuis na sy heupvervanging.
- Pieter Minne het 'n ligte beroerte gehad en sterk mooi tuis aan.
- Harmen en Eddie Wijnberg het Covid opgedoen en herstel tuis.

Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Isak vd Walt, Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Bettie Niemand en Dries en Marthie Schutte.

BAIE WELKOM AAN

- Pieter en Santerien Minne wat met attestaat van GK Die Bult by ons aansluit. Hulle woon in Belle Vallee-meenthuis nr 1, Gr. 23
- Anette de Villiers wat opgeneem word in die GKSA. Sy woon in Primonato 3, Kockstr 142 en is in Groep 27.
- Frans de Villiers, Anette se seun, hy woon ook in Primonato 3, Kockstr 142 en is in Groep 35.

ONS GROET

Anéén Labuschagne wat met attestaat vertrek na GK Suidkus.

BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

Vandag
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Kleuterbediening
Katkisasie: Les 5
Tee, koffie, koeldrank en kuier
18:00 Aanddiens

Maandag
Finansdiensgroep en diensgroepvoorsitters: Begroting

Dinsdag
06:00 Manne Ondersteuningsgroep
18:30 Sustersamekoms
17:15 Katkisasie gr 8
18:00 Katkisasie gr 11

Woensdag
17:15 Katkisasie gr 9
18:00 Katkisasie gr 10
19:00 Finansdiensgroep: Begroting

Donderdag
17:30 “Griefshare”-kursus in konsistorie
19:00 Bybelstudie: Klipdrif

AFKONDIGINGS

- Liefdegawe Die Diakonie (Groot boks). (Zapper betaal-metode beskikbaar)
- Gawe by die deure vir Teologiese studentekas (Klein boks).
- Gawes volgende Sondag by die deure vir ons eie Diakonie.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 1 en 36.

SAKE VAN DIE KERKRAAD

BESOEK DEUR KLASSIS POTCHEF-STROOM AAN POTCH-OOS

Klassis Potchefstroom het ds Jannes van Dyk en ds Brahm Robinson afgevaardig as visitatore om ons gemeente op Donderdag 10 Maart te kom besoek en die kerkraad saam met die diakens te ontmoet. Enige iemand wat die visitatore te woord wil staan, moet via oudl Theo Coetzee ’n afspraak maak.

LOSMAKING AS DIAKEN
Die kerkraad verleen losmaking uit die diens van diaken aan Japie Visser.

BEGROTINGSPROSES - DANKOFFERS
Die ouderlinge herinner lidmate daaraan dat die Dankoffervorms op die laatste more (Maandag) aan die ouderling of die kerkkantoor teruggestuur moet word.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 20 Februarie
Br Hendrik Naudé
Jbr Wessel Oelofse

Maandag, 21 Februarie
Br Johan Coetzee *
Br Kola Kruger *
Sr Anna Smith *

Woensdag, 23 Februarie
Jsr Lizé J v Rensburg
Sr Marietjie Riekert
Sr Evelyn Schutte *

Donderdag, 24 Februarie
Sr Annatjie Grobler *
Sr Annuschka Snyman

Vrydag, 25 Februarie
Sr Ansa Coetsee
Br Heinrich de Kock

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae bo 75 jaar.

GHOLFDAG: BAIE DANKIE

Baie dankie aan Walter Plotz, Ryan Bezuidenhout en Nicolaas Erasmus en hulle span vir die aanbied van ‘n baie lekker en suksesvolle Gholfdag! Dankie aan almal wat kom speel het en ook aan almal wat bereid was om as borge of 4-balle op te tree!

HUISGELOOF: Bediening aan ons jeug

Ons is baie opgewonde om ons jeugbediening vanjaar weer op dreef te kry. Ons noem dit “Huisgeloof” omdat ons graag ouers en kinders saam wil toerus vir die uitdagings van die lewe. Ons eerste byeenkomste vir voorskoolse jeug, laerskooljeug en hoërskooljeug is op **Sondag 27 Februarie.**

VOORSKOOLSEJEUG

Tydens volgende Sondag se Huisgeloof-geleentheid gaan ons vir die voorskoolse jeug help om te leer bid. Ons gaan gesels oor wanneer, waarom en waarvoor ons bid, en met ons hande onthou hoe ons kan bid. Die doel is dat die kleuters meer gemaklik sal raak om self te bid. Al die kleuters van 3jr tot Gr. R is welkom om by ons aan te sluit.

LAERSKOOLJEUG

1. Vir wie bid ons – “Ons Vader” en loof Hom vir sy grootheid
2. Vergewe ons skuld
3. Dankie...
4. Help vir...
5. Amen – wat beteken dit

HOëRSKOOLJEUG:

“I guess I’d missed the ‘How to pray for beginners’ class somewhere along the way”.

Kom fliek saam met ons in die groot moederskamer om antwoorde op hierdie vrae te kry!

AMANDELBLOEISELS

Ons volgende Amandelbloeisels-byeenkoms is 9 Maart. Moenie hierdie heerlike verrassing misloop nie! Julle is natuurlik baie nuuskierig om te weet waar en wat op hierdie gesellige byeenkoms gaan gebeur ... Kom ek gee ’n aanduiding en ons kyk wie is skerp genoeg om te kan raai: Dink aan die woorde van een van Toon van den Heever se gedigte: ... “Daar waar ’n mens nog vry kan asemhaal ...”. Wag tot volgende Sondag en kyk watter inligting kry julle dan! Niemand kan dit waag om hierdie byeenkoms mis te loop nie!

BAIE DANKIE

Ds Van der Walt, Ds Venter, Diakonie en susters van Oos-Doppers,

Hiermee wil ons graag ons opregte dank en waardering uitspreek vir al die ondersteuning en bemoediging tydens Joe se siekte en afsterwe. Ons waardeer AL die hulp en elkeen wat bereid was om vir die versorgingseenheid by Huis Eikelaan vir Joe te betaal, dit was ‘n groot troos tydens baie moeilike omstandighede. Baie dankie aan die gemeente en die diakonie vir die gebruik van die kerkgebou en die kerksaal tydens die begrafnis.

Aan ds Pieter van der Walt wil ons opreg dankie sê vir die pragtige, vertroostende boodskap, asook al die huisbesoeke wat ons baie bemoedig het.

Aan die susters ‘n besondere woord van dank vir die heerlike verversings na die diens, asook die opruim na die tyd, ons waardeer dit baie. Baie dankie ook aan die koster en die klankman, Eddie, vir al hulle moeite en hulp met die reëlings en vir die uitsending.

Vriendelike groete, Charlotte Coetzee

GKSA-NUUS

Beroepbaarstelling van proponent
Klassis Vaalrivier met advies van die Deputate van die Streeksinode Randvaal het op 15 Februarie 2022 vir br Jacques Kuhn kragtens KO, art 4 geëksamineer en in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika beroepbaar gestel.

Brief van die kuratore insake ontwikkelinge in die teologiese opleiding.
Die kuratore het ‘n brief geskryf oor die onderhandelinge met die NWU insake teologiese opleiding en die vestiging van ‘n private inrigting vir die opleiding van predikante (Gereformeerde Teologiese Akademie). Lidmate wat belangstel kan die brief by ds Piet aanvra.

ALGEMENE INLIGTING

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Kerkkantoor: Adele– 018 290 7690 / 082 532 8658 - kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 335 138

Diakonie
ABSA Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 335 138

Susters
Capitec Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470 010

KENNISGEWINGBORD

- Jong man en Huishulp soek werk.

BAIE DANKIE AAN ONS BORG DIE WEEK!

SUSTERS

PS. 119:105 " U WOORD IS DIE LAMP WAT MY DIE WEG WYS, DIE LIG OP MY PAD."

Susters: Elektroniese inbetalings

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

TEESKINK-GELEENTHEID

Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens. Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Roma Visser en groep 6, Hannelie Pieters en groep 14, Marike Grobler en groep 24, asook Elsie Buijs en groep 32.

BLIKKIES-WARMHARTE

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

Baie dankie vir julle getroue bydraes!

SUSTERSBYDRAE

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

KANSA-PROJEK

Liewe suster, soos jy reeds weet ondersteun ons gemeente jaarliks vir KANSA. Ons wil graag teen einde Februarie hulle donasies oorbetaal. Indien jy, familie of vriende tot hierdie projek wil bydra kan jy gerus jou donasie aan die kerk oorbetaal met verwysing "KANSA". Daar is ook koevertjies by die deur beskikbaar vir lidmate wat 'n bydra in kontant wil gee. Dankie vir die wat reeds 'n bydrae gemaak het.

SUSTERSAMEKOMS: 22 FEBRUARIE

Blok B
Nooi die susters
uit na ń saamkuier
Dinsdag, 22 Februarie
18:30
In die skuur

Tema:
My beker loop oor
Spreker: Ds Piet

Bring n beker en
ń lepel saam

KWARTAALPROGRAM

DATUM	DAG	TYD	WIE	WAT
22 Feb	**Dinsdag**	**18:30**	**Blok B**	**Sustersamekoms**
5 Maart	Saterdag		Bestuur en groepsusters	Ouderlinge en Diakens: Spanbou
6 Maart	Sondag	08:30	Bestuur	Belydenisaflegging
6 Maart	Sondag	18:30	Blok C	Ouderlingverversings
13 Maart	Sondag	12:00	Blok D	Nagmaalete



OOSDOPPERTJIES

Terwyl dit die maand-van-liefde is, leer ons vandag nog bietjie wat die Bybel sê oor liefde.

Wat het Paulus oor die liefde gesê?

1 Korintiërs 13 (wat deur Paulus geskryf is) word die hoofstuk van die liefde genoem omdat dit beskryf hoe om liefde aan ander te wys.
Ontsyfer hierdie woorde wat liefde beskryf:

Antwoorde: geduldig, vriendelik, nie jaloers nie, nie grootpraterig nie, nie verwaand nie,

Hoe kan jy liefde wys?

Om liefde te wys is meer as net om vir iemand te sê "ek is lief vir jou" of om vir iemand 'n geskenk te gee.
Trek 'n lyn van elke storie tot by die manier waarop jy liefde kan wys.

As dié gebeur:

- Jy bou legkaart saam jou kleinsus. Sy vat baie langer as jy om dit reg te kry.
- Jou vriend kry 'n nuwe speletjie vir sy verjaarsdag.
- Jou mamma vra jou om jou Lego weg te pak en die tafel te dek.
- Jou boetie wil met jou gunsteling speelding speel.

Wys liefde só:

- Moenie jaloers wees op jou vriend nie.
- Deel met jou boetie – moenie selfsugtig wees nie.
- Wees geduldig met jou suster.
- Help jou mamma vriendelik.

GESELS SAAM: Hoe kan jy liefde aan jou vriende en gesin bewys?